January 2023 | vol 23

#INTEGRITASZA MONTHLY

INSPIRE AND INNOVATE/INSPIREER EN INNOVEER

CiviNovus
SOCIAL INNOVATION

#integritasza
THE MOVEMENT



Why? Integrity creates wholeness and combats corruption.

Waarom? Integriteit skep heelheid en beveg korrupsie.

How? We embrace integrity with courage and humility.

Hoe? Ons omhels integriteit met moed en nederigheid.

What? Personal dignity and prosperity for self and others.

Wat? Persoonlike waardigheid en voorspoed vir self en ander.

"People don't buy what you do; they buy why you do it. And what you do simply proves what you believe" — Simon Sinek

KOBUS SMIT skryf oor INTEGRITEIT

Die woord “integriteit” kom oorspronklik van die Latynse woord *integer* wat heelheid, ongeskondenheid of volledigheid beteken. Dit dui op 'n innerlike sterkte, heelheid, stabiliteit, konsekwentheid, egtheid en eerlikheid. Daar word dikwels na integriteit verwys as die “quality of being honest and having strong moral principles.".

Woorde soos eerbaarheid, eerlikheid, opregtheid, onomkoopbaarheid, onkreukbaarheid en beginselvastheid word as sinonieme vir integriteit gebruik. Alhoewel die sinonieme aspekte van integriteit aanraak, laat dit nie volkome reg aan die begrip geskied nie.

Mense van integriteit leef te alle tye volgens hulle morele en etiese oortuigings al sien niemand dit nie. Hulle is getrou aan hul waardes en is onkreukbaarheid van karakter en hou aan die waarheid vas selfs al is dit vir hulle 'n verleentheid. Hul morele kompas is altyd op ware noord. Hul woord is hul eer en hulle hou daarby ongeag die gevolge. Hulle doen hulle nie voor wat hulle nie is nie. Integriteit staan immers lynreg teenoor skynheiligheid. Die mens van integriteit doen die regte ding selfs al is daar geen erkenning daarvoor nie en al is dit ongemaklik en ongerieflik. Waarheid kenmerk die mens van integriteit se lewe. Integriteit is egter meer as om altyd die waarheid te praat en jou woord gestand te doen. Die mens van integriteit laat hom nie omkoop nie.

Opregtheid kenmerk die mens van integriteit. Hy verag valsheid. Jy kan reken op sy woord. Hy doen wat hy beloof. Die mens van integriteit het waardering vir ander mense en gee erkenning aan hul werk. Hy respekteer ander se tyd en vertraag hulle nie.

Mense van integriteit misbruik nie ander mense nie, maar help hulle eerder dat die beste in hulle na vore kan kom. Hulle argumenteer nie oor nietighede en hanteer konflik op 'n beskaafde wyse sonder om mense te beledig of te verneder. Die mens van integriteit is baie sensitief vir ander se emosies en probeer altyd ondersteun en bemoedig. Hy jaag vrede met alle mense na en huiwer nie om sy skuld te erken en te bely nie. Nederigheid kenmerk sy optrede.

PROFIEL van Kobus Smit

Kobus Smit is 'n afgetrede leraar (NGK), onderwyser, fotograaf, skrywer, brugbouer, vredemaker en gesinsman. Amper 72 jaar oud. Fiks en gesond. Geniet die lewe en probeer elke dag 'n positiewe bydra in belang van SA en sy mense lewer. Grootgeword op 'n skaapplaas in die Karoo (Williston). Aan die Universiteit van Stellenbosch studeer. 'n D. Litt in 1994 onder prof. F.E. Deist behaal. Woon in Fraai Uitsig, Klein Brak Rivier.

Kobus Smit Photography
Mobile 0724883959

Website: fineartamerica.com/profiles/kobus-smit

Follow me on Instagram: kobussmitphotography

Maak 2023 'n jaar om te onthou en skryf in vir Leierskap vir Sosiale Innovasie en Entrepreneurskap.

Hugenote Kollege Web

Enroll and make 2023 a year to remember.

hugenote kollege

Waar Christenwees grondvat in opleiding

Leadership for Social Innovation and Entrepreneurship

In this course you will learn how to engage with social innovation through social entrepreneurship and the use of innovative leadership approaches. This will lead to the development of individual competencies and institutional capacity of organisations.

In hierdie kursus word geleer hoe sosiale innovasie deur middel van sosiale entrepreneurskap en innoverende leierskapbenaderings beoefen kan word. Dit lei tot die ontwikkeling van individuele vaardighede en institusionele kapasiteit van organisasies.

Registration: Friday 10 Feb 2023 and payment of R3,900.00

Duration of the Course: 15 February till 20 March 2023

Three (3) **Zoom sessions** of four (4) hours each:

1. Wednesday **15 Feb** from 12:30 till 16:30
2. Wednesday **22 Feb** from 12:30 till 16:30
3. Wednesday **1 March** from 12:30 till 16:30

APPLY by clicking on Hugenote Kollege Web

Social Workers: Can earn **8.5 SACSSP CPD points / Maatskaplike werkers:** Kan 8.5 **SACSSP** CPD punte verwerf

Dutch Reformed and United Reforming Church ministers can earn **CPD points / NG en VGK dominees** kan **VBO punte** verwerf. NG en VGK werknemers kan aansoek doen vir 'n **Communitas beurs** by Bridget Leibbrandt by bleibbrandt@kaapkerk.co.za.

Any additional information contact Lyzette Schwella at academyssi@hugenote.com

Become a Member: Support our Purpose!

E-mail us at / stuur e-pos na admin@civinovus.co.za and visit / en besoek www.civinovus.co.za or access the #integritasza social media tags. Contact/kontak Werner Schwella on/op 083 591 669.

Advertise here for R350 per month.